

NUMERIESE METODEDES 262 (2017)

Dosent: Prof JAC Weideman (A315, weideman@sun.ac.za)

Koördineerder: Dr Nick Hale (A410, nickhale@sun.ac.za)

Webblad: <http://appliedmaths.sun.ac.za/NM262> (besoek gereeld vir aankondigings en inligting)

Handboek: Gilat & Subramaniam, *Numerical Methods, An Introduction with Applications Using Matlab*, SI Version, 3rd Edition, John Wiley, 2014. (Die 2de uitgawe sal ook werk.)
'n Paar afdelings in Zill & Wright *Advanced Engineering Mathematics* sal ook behandel word.

Lesings: Dinsdae (9:00; K302) en Woensdae (9:00; E352/353)

Prakties: Donderdae (12:00; S207A, S207B, S203)

Opdragte: Ongeveer elke twee weke word 'n opdrag ingegee: 'n harde kopie sowel as 'n elektroniese kopie (besonderhede op webblad). Geen opdragte sal na die sperdatum aanvaar word nie. Samewerking in die vorm van die uitruil van idees en wenke word aangemoedig maar dit wat jy inhandig moet jou eie werk wees. Hierdie opdragte bepaal jou semesterpunt *SP*.

Registrasie: Maak seker by registrasie dat jy voldoen aan die voorvereiste (Ingenieurswiskunde 214 \geq 40). Maak ook seker dat jy geen roosterbotsings vir die toetse het nie. Van studente wat die module herhaal word verwag om alle opdragte in te handig.

Assessering: Die stelsel van Buigsame Assessering soos gedefinieer deur die Fakulteit Ingenieurswese word toegepas; die webblad bevat 'n skakel na die amptelike dokument. Geen addisionele subminima behalwe dit wat voorgeskryf word in die dokument word afgedwing nie. Die datums van die assesseringsgeleenthede is (tye sal op die web aangekondig word):

A1: 31 Augustus, A2: 14 November, A3: 30 November

Die prestasiepunt word saamgestel volgens $0.1 SP + 0.4 A1 + 0.5 A2$. Let op dat daar beperkings is op toelating tot A3, dit is nie vir almal nie (sien die amptelike dokument).

